NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

# alkmaar

'n Gemeente wat omgee

**Bulletin**

**21 Junie 2026**

## HIER IS DIE MOEILIKE ANTWOORD

Swaarkry is aan die orde van die dag in ons land. Dit wemel van armoede. Brandstofpryse het die hoogte ingeskiet. Kospryse raak buitensporig. Dag na dag hoor jy van mense wat hulle werk verloor, en van ander wat nie genoeg geld het om in hulle daaglikse behoeftes te voorsien nie. Hoe gemaak wanneer sulke mense aan jou deur kom klop? Jy kan tog nie almal help nie, maar jy weet ook jy moet sommiges help.

So, wie help jy? Ek wens daar was 'n maklike antwoord op hierdie vraag. Daar is nie, maar daar is wel 'n *moeilike* antwoord. Hier is dit: help wanneer jy kan en help waar jy kan!

Jy kan nie almal se laste dra nie, maar jy kan wel een of twee mense s'n op jou skouers tel. Nee wag, jy moet. Galasiërs 6:2 sê: "*Laai mekaar se swaarkry en seerkry op julle skouers. So leef julle volgens die wet, wat Christus vir julle gegee het.*" (NNT) Jy kan nie die wêreld verander nie, maar jy kan een of twee persone s'n deur 'n gebed, 'n bord kos, 'n besoek, of 'n ander daad van ontferming verskuif. Jy kan nie vir almal in die wêreld bid nie, maar jy kan volhardend vir 'n paar persone bid wat die Here op jou radarskerm geplaas het. Jy kan nie alle armes versorg nie, maar jy kan seker maak dat een of twee mense nie met leë hande van jou af wegstap nie. Doen dit getrou. Leef mededeelsaam. Leef vrygewig, soos wat die Here van jou vra.

Stephan Joubert (www.ekerk.org)

---

## VANDAG 21 JUNIE

- Vadersdag
- Nagmaal: Alk: 09:00; Ngd: 18:00

## SONDAG 28 JUNIE

- Erediens: Alk: 09:00; Ngd: geen aanddiens nie

## DEUROFFERS IN JUNIE: Omgeefonds

Die Barmhartigheidsdiensgroep sien om na lidmate in ons gemeente en enige donasies sal waardeer word. Iemand se huur word ook maandeliks uit hierdie omgeefonds betaal. Bydraes kan by die deure gedurende Juniemaand in kissies, gemerk "Omgeefonds (Barmhartigheid)" gegee word, of 'n elektroniese betaling kan gedoen word.



Daar is ook 'n trollie by die inligtingshoek vir blikkieskos, nie-bederfbare produkte, klere ens. Iemand brei komberse, serpe ens. vir Silwerdae Machado Boven, maar komberse word benodig vir Elandshoek se mense. Navrae: Estie Erasmus.

## KWARTAALTEMA

Hoogtepunte uit Handelinge.

## KERKRAADSLEDE VAKANT

Ons benodig lidmate vir Evangelisasie, Toerus (Alk). Navrae: Frank Erasmus, predikant, kerkkantoor.

## Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 1070580035 Snapscan:
Takkode 334-252; Internet-takkode 632005

***Verwysing vir inbetalings is belangrik asb!***
Gebruik ***u naam*** en *een van die volgende…..*
(afhangende van die offergawe wat u gee):
***DO*** vir maandelikse dankoffers
***10de*** vir tiendemaand bo-en-behalwe offergawe (Okt)
***GOB*** vir geloofsofferbeloftes (sending/evangelisasie)

## Kontak ons gerus:

<u>Predikant:</u> Johannes van der Merwe
074 142 3456; ephesians321@me.com
<u>*Kerkkantoor tel nr's:*</u> 013-733 3873 / 082 261 0371
<u>*Kerkkantoor:*</u> Gladys Grobler; ngkerk@alkmaar.co.za
<u>*Koster:*</u> *Alk:* Estie Erasmus 076 625 3188 skakel of WhatsApp
<u>*Koster:*</u> *Ngd:* Madelein Venter 083 607 0728
<u>*Gemeente webwerf:*</u> www.alkmaar.co.za

## Ngodwana Eredienste & Kategese:

Tydens skoolkwartale: kategese 17:00, erediens 18:00 by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

## Kinderkerk (kinders vanaf 3 jr tot Gr 2):

Tydens die oggenddiens in die saal op 26 Julie,16 Augustus, 13 September 2026.

## Vergaderings:

So. 21 Jun. 10:45 Gemeente-aksies

# Bulletin

21 Junie 2026

"Omdat julle julle innerlike, in gehoorsaamheid aan die waarheid, tot ongeveinsde broederliefde gereining het, moet julle mekaar innig liefê." 1 Petrus 1:22

## VOORBIDDING

▣ **Kom bid saam:** In die Konsistorie (Alk) Sondae 08:45 en **na die aanddiens** by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

▣ **Gebedsaksie en –versoeke:** Kontak gerus ds. Johannes (074 142 3456).

▣ **Siekes:** Hannes Richter, Madelein Venter, Hester Liebenberg, Ruan van Wyk, Bertus Saayman, Mariana Mahoney, Janine Stoop, Evette Eastes, Jan Pienaar, Lillian Greyvenstein, Sarie en Freek Esterhuizen, Freek Esterhuizen (jnr), Ester van Wyk.

▣ **Ander siekes:** Zian (hospitaal in Pretoria), Gretha O'Brien, Kobus Greyvenstein, Elti Steensma se kleinseun, Ruben van der Hyde, Theuns Steyn, Kleintjie Snyman, Beverley Butler, Franci Osborne, Charmaine Henning, Marcelle Slabbert, Liezel Theron (ma en pa), Pieter Theron se ma, swaer Wynand Basson en suster Wilna, Riaan Beyleveldt se skoonsuster, mense met depressie en kanker.

▣ **Ander:** Ons 5 evangeliste: Phetsile, Amon, Simon, Jackson en Terrence. Boere en gesinne weens vloede, droogtes, uitdagings met diere, gewasse ens.

## VERJAARSDAE

22e Gert Potgieter K-HOOP, Dewald Scheltema NST
24e Harry Butler HB-HOEK, Corné Daffüe NGD
25e Janél Coetzee RIETF

## MANIERE OM DANKOFFERS TE GEE

Baie dankie vir lidmate wat getrou hulle dankoffers gee (2 Kor. 9:6-7). U word opnuut versoek om seker te maak en veral te kyk na herhalende internetbetalings wat jaarliks hernu moet word. Maandelikse dankoffers (verw: jou naam + DO) kan gedoen word per debietorder; elektroniese oorbetaling; met u selfoon via ons gemeente se Snapscan-kode (laat weet asb. die kerkkantoor - whatsapp na 082 261 0371 - indien u 'n dankoffer so betaal, omdat daar nie op Snapscan gespesifiseer kan word nie). Gebruik Snapscan ook vir eredienskollekte.

## INSTANDHOUDING ~ DANKIE

Baie dankie aan verskeie lidmate wat getrou met verf, pype, materiaal ens. waarvoor daar gevra word by die kerk opdaag. Hierdie hulp verseker dat die nodige instandhouding aan ons geboue en die terrein moontlik is aangesien ons inkomstes nie voldoende daarvoor is nie.

## FONDSINSAMELINGSPROJEKTE 2026

### Skenk wit olifant-items:

Ons vra alle lidmate om items wat rondstaan by die huis (groot of klein) na die kerk te bring. Die items sal verkoop word by die Rademeyer-veiling as deel van ons fondsinsameling. Navrae: Frank Erasmus.

### Te koop:

• Suurlemoensap: 440ml konsentraat @R50
Beskikbaar in die saal na die erediens.

### Baie dankie (seevisbraai en kompetisie):

Aan elkeen vir donasies gegee, malvapoedings gebak en ons seevisbraai by Kwanyoni ondersteun, asook kompetisiekaartjies gekoop en verkoop vir die wonderlike pryse wat geskenk was - dankie daarvoor.

### NG Alkmaar MacFest 1 Augustus 2026:

Skud solank die vere reg vir ons gemeente se makadamiafees te Kwanyoni Lodge. Verskeie kosstalletjies, plante, teetuin, wit olifanttafel en natuurlik makadamiaprodukte asook ander stalletjies en produkte. Navrae: Frank Erasmus 071 549 6741

U hulp word gevra om asb. deel te wees van hierdie fondsinsamelingsprojek met o.a. voorstelle, bydraes, sameroepers vir die onderskeie stalletjies ens. Maak solank plantjies en kyk ook na bruikbare items by jou huis wat verkoop kan word by die wit olifanttafel.

Gesels asb. met Ben du Plessis (gemeente-aksies diensgroepleier) en/of kom wees deel van die diengroepvergaderring na die oggenddiens vandag.

## BYBELSTUDIE

Bybelstudie word Donderdagaande 19:00 virtueel gehou. Enige persoon wat graag wil inskakel, stuur asb. vir Johannes 'n whatsapp boodskap.

## OORSIG OOR HANDELINGE

Handelinge beskryf die opkoms en verspreiding van die vroeë kerk na Jesus se opstanding en hemelvaart. Deur die Heilige Gees se krag getuig die apostels - veral Petrus en Paulus - van Christus, van Jerusalem tot Rome. Dit toon die kerk se groei oor Joodse en heidense grense, sendingreise, vervolging, en die evangelie se onstuitbare uitbreiding deur God se voorsienigheid.

## KERKRAADSLEDE HERKIES

Tydens die kerkraadsvergadering gehou op 1 Junie 2026 is Ben du Plessis herkies as ouderling vir Gemeente-aksies en Estie Erasmus as diaken vir Barmhartigheid (Alkmaar).